Eerste uitgawe - 2019

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte - Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Duvan Horn, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Vergadering van 5 Januarie	4
Church Forests	8
Vergadering van 2 Februarie	9
Snippets	17
Kalender	18
Terugvoering	19
Sorgskedule	20

Van die Redakteur

Beste Bonsai vriende

"As ek maar net meer tyd gehad het!" Hoe dikwels het jy dit al gesê? As jy daaraan dink het alle mense ewe veel tyd. Invloedryke en welgestelde mense het nie meer daarvan as eenvoudige en arm mense nie. En niemand kan tyd opgaar nie. As die tyd verby is, is dit verby…Daarom is dit goed om die tyd wat ons het goed te gebruik. En vir elkeen is ons prioriteite vir ons tydsverbruik natuurlik anders.

Elkeen stel sy eie prioritiete. So is daar gesinstyd wat baie belangrik is, maar dikwels afgeskeep word. Tyd vir kosmaak is daar darem gewoonlik. Vir baie mense is daar baie tyd vir televisie kyk. Tyd vir werk (die van ons wat dit nog moet doen) is natuurlik 'n moet.

Dan is daar ook natuurlik tyd vir rus, en speel, en slaap en vriende en als is belangrik. Maar daar is ook selfs iets soos mors van tyd.

En ons wat bonsai beoefen moet nogals baie tyd maak vir ons boompies. Tyd vir oorplant, en natmaak, en voeding gee en snoei en onkruid uittrek en kyk…en geniet.

As ons nie tyd maak vir ons boompies nie, verloor ons dalk 'n seisoen se ontwikkeling. Ek glo aan balans in die lewe, ook in my tydsverdeling. Hierdie jaar was ek gelukkig om genoeg tyd aan oorplant te gee en het ek 40 van my bome wat dit broodnodig gehad het, oorgeplant. Met verloop van tyd sal ek die vrugte (*no pun*) pluk van die tyd wat ek daarvoor gemaak het.

Gebruik jou tyd slim en geniet die tyd met jou bome. Sit aspris tyd opsy vir dit wat jy geniet.

Jaco

Take your time, it is the fastest way to achieve your goal.

Briewebus / Vra is Vry

Jaco

Die Bloemfontein Bonsai Kai mini-konvensie 2018 wat vanaf 16 tot 18 November plaasgevind het, is deur Org, Kobus en myself bygewoon. Dit was baie leersaam en aangenaam, ten spyte van die hitte.
Die tema "The clock never stops…from New to Old" is baie effektief deur al die referente uitgebeeld. Die kos was heerlik en die kuiers baie spesiaal. Dit was voorwaar die moeite werd om die Rosestad te besoek.

Esther van Aarde

Stefan Pretoruis

Org

Hannes Fritz

Jaun Duvenage

Denise Krige &
Maria Hanton

Briewebus / Vra is Vry

In die vyfde uitgawe van 2018 het Louis van der Walt 'n baie insiggewende artikel geskryf oor **DIE ANATOMIE VAN BLOMME VAN PSYCHOTRIA CAPENSIS OF SWARTVOëLBESSIE.** Louis het vertel dat hy so 'n boom in sy tuin het maar dat die boom nooit vruggies maak nie. Hy het toe Prof Braam van Wyk by Tukkies se Plantkunde Departement gekontak en die volgende stukkie natuurwonder is deur hom beskryf:

"Alleenstaande plante van Psychotria capensis dra nie vrugte nie, tensy daar in die omgewing plante is met blomme van die teenoorgestelde vorm. Die spesie is wat genoem word selfonverenigbaar (self-incompatable). Plante kan dus nie hulself bevrug nie."

Onder is terugvoering wat van Louis ontvang is oor sy boom:

Verwys asb na my vorige skrywe oor hierdie onderwerp vir agtergrond (KOEDA 59).

In genoemde skrywe was die plan om 'n "maatjie" te soek vir my boom wat 'n ander tipe blom het. Die probleem was dat my boom al jare blom maar nooit bessies het nie.

By hierdie spesie moet jy bome hê van albei tipe blomme en dan alleen kan kruisbestuiwing plaasvind en vruggies gevorm word. Anders as by spesies waar geslagte op aparte bome is en alleen die vroulike boom wat vrugte voortbring, dra hierdie spesie vrugte aan bome met albei tipe blomme.

Om 'n lang storie kort te maak, het ek toe 'n maatjie vir my boom opgespoor by Caledendron Inheemse kwekery naby Polokwane. Ek het twee gekoop vir ingeval een iets sou oorkom.

Ek het die twee bome sommer so in hul sakke naby my boom gesit en die heuningbye het gesorg vir kruisbestuiwing en het ek nou drie bome met vruggies waar my "alleen" boom nooit gedra het nie.

Om die geheue te verfris, plaas ek weer foto's van die twee tipes blomme.

Ver links: Twee bome in sakke in voorgrond en bestaande boom direk agter.

Links: Vruggies aan die bome. Vruggies nog nie ryp nie.

Ver links: Blom van nuwe bome.

Links: Blom van bestaande boom.

Vergadering van 5 Januarie 2019

Vergadering van 5 Januarie 2019

'Tip of the month' - Deur Dr Francois van As

Ek het 'n groepie witstinkhoute wat ongeveer al agt jaar in die potjie is (sien foto 1). Die gedagte is om dit die volgende seisoen oor te plant. Ek wil dit nie weer in 'n pot sit nie, maar bo-op 'n leiklip plant (sien foto 2). Die uitdaging van 'n leiklip is om die boompies

Foto 1

Foto 2

en die groeimedium bo-op die leiklip te hou. Om dit te doen moet 'n mens eerstens 'n aantal ankerdrade op die leiklip vassit waarmee die boompies op die klip geanker kan word. Ek het dit op die proef gestel deur dun aluminiumdraad op 'n leiklip vas te sit (sien foto 3). Die boonste draad is met Pratley se Wonda Fix (epoksie) vasgesit (sien foto 4). Die onderste draad is met Pratley se Steel Putty vasgesit (sien foto 5). Voordat die epoksie en "putty" voorberei is, het ek die klip met 'n steenbeitel grof gemaak vir beter klouvermoeë. Hierna moet 'n mens 'n rand pak met voorafbereide kleigrond. Die groeimedium word dan binne die omrande gedeelte geplaas waarna die boompies daarin geanker word. Ek het egter verder gegaan. Ek het die oppervlak wat die boompies beslaan, gemeet en oorgedra op die leiklip. Daarna het ek my hoekslyper (*angle grinder*) geneem, 'n steen/klip slypsteen ingesit en die leiklip uitgehol (sien foto 6). Al wat kort is 'n gaatjie vir dreinering. Die sal ek met 'n betonboor insit. ♣

Foto 3

Foto 4

Foto 5

Foto 6

Vergadering van 5 Januarie 2019

Die vergadering was ’n bespreking oor of die kommersiële Ginseng Ficus wat so vrylik beskikbaar is by winkels, werklik geskik is om mooi bonsai van te maak.

Onderste stukkie sowel as foto’s deur Francois “kaalvoet” Viljoen verskaf.

Algemene wenke om ’n ginseng te styl:

Ginseng ficusse is ficus macrocarpa wat geënt is op ficus ginseng wortels. Ginseng is sterk groeiers en die macrocarpa toppe is nie.

Die doel met so ’n vy is om taper en ’n vasgestelde ‘leader’ te groei. Die beste metode hiervoor is om die vy uit die klein winkelpotjie te haal wat meestal nie eers ’n dreineringsgat het nie en hom dieper te plant in ’n emmer of diep groeipot.

Mettertyd sal die boom meer en meer wortels vorm en ’n beter nebari groei. Groei intussen ’n nuwe ‘leader’ loot en bou ’n ‘trunkline’. Styleer daarna soos enige ander immergroen vy.

Na die bespreking en voorbeelde is daar besluit dat ’n mens wel mooi bonsai uit hulle kan maak. Dit gaan net tyd neem.

Vergadering van 5 Januarie 2019

Ethiopia's 'Church forests'

Ethiopia's 'church forests' are incredible oases of green.

Over the past century, nearly all of the native forests in the South Gonder province have disappeared, cleared to make way for wheat fields and grazing land—agricultural endeavours that support the region's rapidly growing population. In the early 1900s, it's estimated that trees covered roughly 40 percent of Ethiopia. But over the past century, as populations grew, the demand for food skyrocketed. Acres of forests were replaced by agricultural fields. Slowly, over the decades, the total amount of tree-covered land shrank—it now hovers at just around four percent of the country.

The churches of the Ethiopian Orthodox Tewahido Church—the dominant religious group in Ethiopia, with nearly 50 million members—were almost always nestled in patches of vibrant, shady forest. Forests, the church's religious belief goes, were like the clothes surrounding the church at the centre—as much a part of the religious space as the church building itself. They offer a cool world filled with chattering birds and fragrant plants, a small hotspot of both biodiversity and spirituality. They are protected by their religious stewards and the communities around them. They are tiny fragments of a lost past, and the center of hope for conservation and future restoration. The forests provide a kind of "respectful covering" for the churches at their centers and the riches they hold. Some of them are estimated to be 1,500 years old—tiny, ancient islands of historic habitat in a changed landscape. In South Gonder, the fragments of forest are spread over nearly 1,500 tiny patches. Those remaining patches of forest—key sites for biodiversity—are under threat. Invasive trees like eucalyptus, which are highly valuable because they grow fast and are good for firewood, are creeping into some of them. Cattle wandering into the cool, shady forests trample tender young plants and damage the older trees.

Scientists went to Ethiopia, where they organized a workshop for more than 150 priests, many of whom walked for days in order to attend. The scientists fired up a laptop with a generator and projected Google Earth photos onto a bedsheet, showing the priests how the forests had shrunk over time.
"They were so passionate from the start," Lowman says, "because they saw themselves as stewards of all God's creatures. I, as conservation scientist, believe we have a responsibility to save biodiversity. That's the same goal." The most efficient, straightforward thing they could do to preserve the forests, the scientists decided with the priests, was to build low, simple walls that would carefully demarcate the forests and keep wandering animals from lumbering in. Where walls have been built, the forests are thriving—so much so that some priests have decided to extend their reach, bumping the walls outward so that they can expand their forests even farther. In intact church forests, water quality is better than in the surrounding fields; tree seedlings survive more often; and pollinators, important for both the species in the forests and the agriculture around them, buzz.

"We were told that most of the forest had been destroyed, and it seemed that there was no hope," the scientist says. But there are thousands of church forests dotting the landscape, and each one represents a pinprick of hope for future restoration.
They next wants to figure out how to connect some of the flecks of forest, rebuilding a vast ecological web across the province, however long it takes.

Priests, scientists, and local communities are partnering to save the less than five percent of forests that remain in northern Ethiopia. ♣

Vergadering van 2 Februarie 2019

Vergadering van 2 Februarie 2019 (Mini-uitstalling)

Heel bo: Martin het hierdie Natal Vy gewys en raad gevra oor 'n geskikte pot vir die boom. Die boom het al 'n paar winters terug gevrek a.g.v. ryp maar dan weer van onder uitgeloop, daarom die wye wortels.

Bo: Louis het hierdie Kanniedood so vier jaar gelede van 'n steggie gegroei wat hy by oorlede Charles gekry het.

Bo regs: Erika het die Elm so 15 jaar gelede van 'n steggie gegroei. Sy hou hom redelik kaal van blare om te pas by die Literati styl. Erika noem dat die blaartjies wit randjies maak.

Links: Louis wou hierdie Natal Vy op 'n rots plant en toe raak die rots weg…nou is dit 'n "exposed root" styl. Hy het die boom so agt jaar gelede van 'n steggie begin.

Links: Hierdie "Pyracantha" het Erika so 14 jaar gelede begin van 'n 2m hoë plant in 'n kwekerysakkie. Sy gaan al die vruggies nou verwyder sodat hulle nie te veel energie van die plant gebruik nie.

Vergadering van 2 Februarie 2019

'Tip of the month' - Deur Martin Kruger

Martin het bietjie raad gegee oor skoonmaak en basiese skerp maak van gereedskap.

Vir basiese skoonmaak gebruik "Sunlight" seep en warm water—die vloeistof of koekie seep.

Borsel stof ens af met 'n ou tandeborsel.

Martin gebruik olie soos Q20 alhoewel sommige lede nie daarvan hou nie. Vee die olie net mooi af voor jy weer aan jou bome werk.

Gebruik 'n produk soos "Rust off" as jou gereedskap bietjie begin roes het.

Gebruik 'n water of olie sleepsteen vir skerpmaak.

Gewone potskuurders kan ook skoonmaak en skerp maak.

Draai klein stukkie skuurpapier on 'n ronde stokkie en skuur daarmee.

Een van die beste tipe slypgereedskap wat Martin aanbeveel is 'n fyn naelvyltjie. Vyl versigtig die buitekant van die lemme wat jy skerp maak. Dan kan jy die baie fyn randjie wat vorm op 'n leerbelt skuur.

Die tema van die vergadering wat deur Louis van der Walt aangebied is:

BESPREKING VAN DIE OUHOUT SE POTENSIAAL AS BONSAI SPESIE

Vergadering van 2 Februarie 2019

DIE STAM SE SKILFERAGTIGHEID LAAT HOM OUD LYK, VANDAAR DIE NAAM

BESKRYWING EN ALGEMENE KENMERKE

- BOTANIESE NAAM:LEUCOSIDEA SERICEA
- KLEIN BOOM MET GOEIE KARAKTER EN N WAARDEVOLLE PLANT VIR INHEEMSE TUINE EN ANDER
- DIE OUHOUT IS SOMS N DIGTE STRUIK OF BOOM, IMMERGROEN EN KAN N HOOGTE VAN 7 m EN WYDTE VAN 5m BEREIK
- DIE BOOM KAN ENKEL OF MEERSTAMMIG WEES MET LAE TAKKE EN SLORDIGE VOORKOMS WAT MAKLIK MET SNOEI REGGESTEL KAN WORD.
- DIE BAS IS GROF, ROOIBRUIN EN SKILFERAGTIG. ONDER DIE BAS IS DAAR N BAIE MOOI GLADDE ROOIBRUIN STAM.

BLARE

- DIE BLARE IS ALTERNEREND GERANGSKIK, SAAMGESTELD EN BEDEK MET SYAGTIGE FYN HAARJIES.
- ELKE BLAAR HET 3 TOT 4 PARE SEKONDÊRE BLAARTJIES.
- DIE BLARE IS MOOI DONKERGROEN BO EN LIG ONDER.
- DIE BLARE IS DIEP GETAND.
- AS DIE BLARE GEKNEUS WORD, HET DIT N STERK KRUIEGEUR.

Vergadering van 2 Februarie 20189

BLOMME EN VRUGTE

- DIE BLOMME IS GROENGEEL, STERVORMIG EN GROEI IN TROSSIES AAN DIE END VAN JONG LOTE.
- DIE VRUGTE IS NEUTAGTIG EN ONGEVEER 3mm IN DIAMETER.

VERSPREIDING EN HABITAT

DIE OUHOUT GROEI GEWOONLIK IN N KLAM OF NAT HABITAT.
DIT HOU VAN KLAM OF NAT TOESTANDE EN SANDERIGE OF KLEIGROND IN KLIPPERIGE OMGEWING.

DIT KOM VOOR IN OOS-KAAP, WESTELIKE KWAZULU NATAL, OOS-VRYSTAAT, NOORDWES, GAUTENG, MPUMALANGA en LIMPOPO.
DIE OUHOUT IS BAIE RYPBESTAND. GEEN BESKERMING TEEN KOUE IS IN DIE WINTER NODIG NIE.
FOTO'S VANAF INTERNET

Vergadering van 2 Februarie 2019

KWEKING

- KAN MAKLIK GEKWEEK WORD VAN SAAD OF STEGGIES.
- SAAD MOET IN N GOEIE SAAILING MEDIUM GESAAI WORD EN KLAM GEHOU WORD.
- GROEI VINNIG.
- GESKIK VIR BONSAI (SANBI).

EIENSKAPPE WAT DIE OUHOUT GESKIK MAAK VIR OORWEGING AS BONSAI

- KWEEK MAKLIK EN GROEI VINNIG.
- BAIE RYPBESTAND
- BLARE VERKLEIN BAIE MOOI.
- SKILFERAGTIGE STAM EN TAKKE LAAT BOOM OP JONG OUDERDOM REEDS OUD EN VERWEERD LYK.
- GEEN BEDRADING NODIG OM MOOI BEWEGING IN STAM EN TAKKE TE VERKRY. INDIEN MENS WEL ‘n BIETJIE MOET BEDRAAD, MOET JY BAIE VERSIGTIG WEES WANT TAKKIES BREEK MAKLIK.
- BOOM IS IMMERGROEN.
- VERKIES N DIEPER POT EN DIEPER GROND WAT NIE GOU UITDROOG NIE - VERLOOR BLARE EN TAKKE AS HY UITDROOG.
- MOET NOOIT UITDROOG NIE EN ALTYD KLAM GEHOU WORD.
- HOU VAN VOL SON EN DUS GEREELDE WATER.
- AS BLARE VERLEP LYK, MOET WATER VINNIG TOEGEDIEN WORD; HY SKREE LETTERLIK VIR WATER.
- KLEIN TAKKIES IS SOMS GENEIG TOT TERUGSTERWING MAAR BEDERF NIE NOODWENDIG DIE ONTWERP NIE.

Vergadering van 2 Februarie 2019

MOONTLIKE STYLE:

- EK GLO NIE FORMEEL REGOP SAL WERK NIE
- INFORMEEL REGOP?
- DALK MEER GESKIK VIR AFRIKA-STYLE(UITGESLUIT KREMETART)
- WORTEL OOR KLIP ?
- KAN DALK MOOI WERK IN KLEIN GROEP
- LITERATIE VANWEË DIE BAIE BEWEGING IN STAM EN TAKKE

LAAT DIE KREATIWITEIT GAAN

GEVOLGTREKKING

IN MY OPINIE 'N OULIKE BOOM OM TE HÊ AS DEEL VAN JOU VERSAMELING

Daar is toe aan 'n paar bome van Louis en lede gewerk:

Vergadering van 2 Februarie 2019

Snippets

Our Environment

Recycling only 10 aluminum cans save energy equivalent to almost 300 milliliters of petrol.

Inspirasie uit die natuur

Esther van Aarde het hierdie pragtige boom, heel moontlik ’n Senegalia sieberiana (Papierbasdoring), naby Winterton afgeneem. Ons kan hom gerus probeer naboots as bonsai!

REKLAME

ROBINSON & KRUGER
PROKUREURS / ATTORNEYS
SINCE 1995
BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM ’N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN ’N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY “JA” ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Maart en April?

Maart is vroeg-herfs wat beteken dat ons boompies hulle begin gereedmaak vir die winter wat voorlê. Watertoediening bly steeds belangrik en moet toegedien word na gelang van die tipe plant. Nuwe groei verhard nou tot en met die winter en dit kan aangehelp word deur die toediening van bemesting met meer potas (K) en minder stikstof (N). Takke wat bedraad is moet dopgehou word aangesien hierdie proses met verdikking gepaardgaan.

April is middel-herfs en seker een van die mooiste maande van die jaar. Die bladwissellende

bome is nou in hulle herfskleure getooi en maak gereed om blare af te gooi. Blare wat afval en bo-op die wortels lê moet verwyder word aangesien dit aanlyding kan gee tot swamsiektes wanneer dit begin verrot. Watertoediening geskied nou baie matig en bemesting word gestaak tot en met lente.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Maart	27	16	8	10	61 - 100mm
April	24	12	8	7	31 - 60mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Bonsai-groete

Francois van As

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkelbome

Die vergadering van 5 Julie 2014 het die bespreking van ongestyleerde bome behels. Daar was nege ongestyleerde bome en een van die bome wat bespreek is, was 'n Olien van Louis van der Walt. Oorlede Charles het ook oor Louis se boom gepraat en raad aan Louis gegee. Die foto's onder is gedurende die vergadering geneem terwyl Louis en Charles die boom bespreek het. Die foto's was in die vierdie uitgawe van 2014 van die Koeda geplaas.

Louis het die onderste foto's verskaf van hoe die boom nou daaruit sien. Louis kan nie onthou of dit wel in 2014 die planne was met die boom nie, maar die boom het baie mooi ontwikkel in die bietjie meer as vier jaar.

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, kon-solideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.